
SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

Province of the EASTERN CAPE EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Department van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## JUNIE 2025

# GESKIEDENIS V2
# ADDENDUM

Hierdie addendum bestaan uit 10 bladsye.

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 1: WATTER ROL HET DIE SUID-AFRIKAANSE RAAD VAN KERKE (SARK) IN DIE STRYD TEEN APARTHEID IN DIE 1980's GESPEEL?

### BRON 1A

Die uittreksel hieronder verduidelik waarom die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke (SARK) die apartheidsregime in 1983 teengestaan het.

Die Driekamerparlement wat in 1983 gestig is, was nog 'n grondwetlike instrument om die Kleurling en Asiatiese mense te koöpteer (in te sluit) in die grootse ontwerp van die regime. Dit het tot die stigting van die Verenigde Demokratiese Front gelei, wat gedurende hierdie tydperk as die vernaamste uitdrukking van weerstand teen apartheid na vore getree het. Dit was te midde van hierdie enorme onstabiliteit en onderdrukking dat die kerk sy stempel afgedruk het. Pastore is opgeroep om met mense en gesinne wat deur slagtings gewond is en deur die militêre besetting ontstig (ontstel) is, wat 'n konstante irritasie (ergernis) in swart gemeenskappe was, te bedien. Hulle het die behoefte gevoel om die middele om apartheid tot 'n einde te bring op te skerp en te fokus. Terwyl die kerke in die vroeë 1970's 'n mate van simpatie met die staat gehad het, was daar teen die 1980's 'n dieper begrip van die bevrydingsbewegings. Beyers Naudé, wat hoofsekretaris van die SARK geword het, kon in 1983 met selfvertroue waarsku dat: "tensy nuwe faktore 'n rol gaan speel of onvoorsiene ontwikkelings in die nabye toekoms plaasvind, sal ons onsself moet voorberei vir 'n lang, uitgerekte (langdurige) guerrilla-stryd; 'n oorlog wat toenemend met dade van sabotasie en stedelike terrorisme geveg sal word."

Die SARK het in die tyd van die hoofsekretarisskappe van Desmond Tutu en Beyers Naudé gesien hoe die kerke in hewige (aggressiewe) weerstand teen die staat betrokke was. Dit was weerstand wat deur die Eloff-kommissie ontketen (begin) is, wat probeer het om die buitelandse befondsing van SARK-programme te beheer. Teen die 1980's was die kerke deel van die weerstandsbeweging. Tutu het tydens 'n diens in die St. George's Anglikaanse Katedraal in Kaapstad in protes teen aanhoudings, die tema van Christelike weerstand teen onregverdige heerskappy beklemtoon: "As ons nie meer vreedsaam aksie kan voer vir 'n verandering in 'n bose en onregverdige stelsel nie, sê die regering dan dat die enigste alternatief geweld is – wat anders sal vir mense oorbly om te doen?"

[Uit sahistory.org.za/article/1980s-and-crisis-apartheid. Toegang op 19 Desember 2024 verkry.]

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**BRON 1B**

Die uittreksel hieronder is oor die reaksie van die destydse Suid-Afrikaanse Raad van Kerke (SARK) sekretaris, Desmond Tutu teenoor die staat se onderdrukking in die 1980's.

Tutu het in 1984 namens ŉ gearresteerde sel (eenheid) van die gewapende anti-apartheidsgroep, uMkhonto we Sizwe, getuig. Hy het volgehou dat hy tot nie-geweld toegewyd was, maar kon verstaan waarom swart Afrikaners onder verdrukking hulle tot die gebruik van geweld in hul stryd om vryheid, sou wend. Hy het die wit regering se skynheiligheid (dubbel standaarde) uitgewys omdat hulle gewapende bevrydingsgroepe in Europa prys, terwyl hulle dieselfde soort groepe in Suid-Afrika veroordeel.

Geweld in die land het aanhou toeneem en Tutu is gevra om by baie begrafnisse te praat. Tydens sy preke het hy voortgegaan om ŉ boodskap van nie-geweld te verkondig en hy is deur sommige daarvoor gekritiseer omdat hulle sy beskeidenheid (nederigheid) as ŉ struikelblok in die vryheidstryd gesien het.

Hy het die Verenigde Nasies se Algemene Vergadering in New York toegespreek en met die Britse Premier Margaret Thatcher vergader om verder vir ekonomiese sanksies teen Suid-Afrika te druk.

Tutu, saam met ander kerkleiers, het ŉ bemiddelaar van konflik tussen betogers en die polisie geword. Onder ander voorvalle het hulle spanning in Alexandra Township in 1986 en by die begrafnis van Ashley Kriel in 1987 opgelos.

Toe die regering 17 organisasies in 1988 verban het, het hulle ŉ protesoptog gereël, wat ook verban is. In reaksie hierop het hulle die Komitee vir die Verdediging van Demokrasie gevorm en toe hul saamtrekke verban is, het hulle dit met ŉ diens by die St. George's Katedraal vervang.

In reaksie op Tutu se uittarting, het die regering ŉ veldtog teen hom georkestreer (beplan), anti-Tutu pamflette en plakkers is versprei, betogers is betaal en selfs sy vrou is geteister.

[Uit https://southafrica.co.za/desmond-tutu-contribution-to-dismantling-apartheid.html. Toegang op 19 Desember 2024 verkry.]

 SA EXAM PAPERS Proudly South African 

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**BRON 1C**

Die bron hieronder is ŉ foto wat by die bekendstelling van die Komitee vir die Verdediging van Demokrasie op die 7de Maart 1988 geneem is. Die Komitee vir die Verdediging van Demokrasie is gevorm omdat die regering liberale organisasies wat die apartheidsbeleid teengestaan, verban het.




Van links na regs is die komiteelede – Frank van de Horst, South African Council on Sport (SACOS), Allan Boesak, Desmond Tutu, Prof. Jakes Gerwel, Rektor Universiteit van die Weskaap (UWC).

[Uit https://southafrica.co.za/desmond-tutu-contribution-to-dismantling-apartheid.html. Toegang op19 Desember 2024 verkry.]



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**BRON 1D**

Die volgende uittreksel gee ŉ uiteensetting van die rol wat die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke in die herstel van menseregte en die bekamping van die ongeregtighede tydens en na apartheid gespeel het.

Deur sy geskiedenis heen het die SARK drie hoofdryfkragte tot sy aktiwiteite gehad: geregtigheid, vaardigheidsontwikkeling en gemeenskapsprojekte asook teologiese besinning. Tydens die apartheidsregime het die SARK hom nie net sterk uitgespreek teen kwessies van onreg en die skending van menseregte nie, dit het ook praktiese hulp aan die onderdruktes verleen. Meer spesifiek, het die SARK:

- Nooddienste aan slagoffers van apartheidsbrutaliteite gebied
- Fondse ingesamel vir die wettige regsverteenwoordiging van slagoffers van die stelsel
- Families van dié in aanhouding, van politieke gevangenes en van dié met ŉ doodsvonnis versorg
- Beurse aan duisende arm swart kinders gebied
- Gemeenskapsontwikkelingsprogramme en -projekte befonds
- Aksie vir omvattende internasionale sanksies teen apartheid gevoer
- Die stigting van ontwikkelingsinstellings soos die Kagiso Trust gefasiliteer
- By jeug- en vroueregteprojekte en ontwikkelingsprogramme betrokke geraak
- Ballinge ondersteun en hul terugkeer na Suid-Afrika, na die ontbanning van die bevrydingsbewegings en vrylating van politieke gevangenes, gefasiliteer
- Bystand verleen tydens die oorgangsproses, van die onderhandelinge tot vredemaking te midde van intense geweld; deelgeneem aan die opstel van ŉ nuwe grondwet vir die land; die stigting van die WVK ondersteun; en vir ŉ regverdige sosiale en ekonomiese bestel gepleit

Die rol van die SARK in die stryd om menseregte na Suid-Afrika te bring, is ŉ eerbare een wat altyd in Suid-Afrika se geskiedenis erkenning sal verkry.

[Uit https://sacc.org.za/history. Toegang op 19 Desember 2024 verkry.]


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**VRAAG 2: WAS DIE WAARHEID-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) SUKSESVOL OM SUID-AFRIKA MET SY VERDEELDE VERLEDE TE VERSOEN?**

**BRON 2A**

Die volgende is ŉ uittreksel uit ŉ boek geskryf deur K Christie. Dit fokus op die redes vir die stigting van die Waarheid-en-Versoeningskommissie (WVK).

Die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK) is in 1995 gestig om menseregteskendings sedert 1960 te ondersoek. Dit was gemagtig om amnestie aan daardie betrokkenes by misdaad wat alles openbaar gemaak het, toe te staan. Die kommissie moes ook versoening en eenheid onder Suid-Afrikaners bevorder. Die mandaat van die WVK het hulle belas met die verantwoordelikheid om onpartydig te wees, maar die samestelling daarvan was nie eintlik gebalanseerd nie. Die voorsitter van die WVK was Aartsbiskop Desmond Tutu, wat ŉ beskermheer van die United Democratic Front was.

Die kommissie het sowat 21 300 verklarings van slagoffers ontvang wat sowat 38 000 grusame menseregteskendings aangeteken het. Meer as 1 000 betrokkenes by misdaad het amnestie ontvang nadat hulle alles openbaar gemaak het. In plaas daarvan dat die kommissie op die konteks van ŉ daad gekonsentreer het, het hulle op die betrokkene by misdaad of slagoffer gefokus, met die gevolg dat die konteks in die meeste gevalle onvoldoende (swak) aangespreek is. Die kruisverhoor van slagoffers is nie in die slagofferverhore toegelaat nie, maar hoorsê-bewyse is wel.

Aan die positiewe kant het die WVK ŉ belangrike terapeutiese (genesende) rol gespeel en slagoffers het die geleentheid gekry om hul stories te vertel en hulle lyding is erken. Dit het die waarheid in ŉ paar berugte sake onthul. Vlakplaas-operateurs of plaaslike veiligheidspolisiemanne het vir amnestie gevra vir die moorde van Mathew Goniwe en drie vriende buite Port Elizabeth, die Pebco-drie, die Gugulethu-sewe, en vele ander 'teikenmoorde'. ANC-operateurs het vir amnestie vir die Kerkstraatbom in Pretoria gevra, waarin agtien mense dood is.

[Uit *The South African Truth Commission* deur K Christie.]

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**BRON 2B**

Hierdie bron beskryf hoe verskillende politieke partye op die WVK-verhore gereageer het.

Ondanks erkenning van die pyn wat deur diskriminerende (onregverdige) apartheidsbeleide veroorsaak is, het die Nasionale Party stelselmatig enige verbintenis met betrekking tot skuld (blaam) vir wydverspreide skendings ontken of vermy maar, in plaas daarvan het hy hom as die bewaarder (beskermer) van wet en orde voorgedoen en die vryheidsbewegings vir die ondersteuning van gewelddadige ideologieë geblameer. Volgens FW De Klerk sou die sukses van die WVK afhang van die onpartydigheid van sy lede. Hy was bekommerd dat Aartsbiskop Tutu voorgestel was as voorsitter van die WVK en dat nie een lid van die Nasionale Party gekies was om op die kommissie te dien nie. "Ten spyte van my groeiende bedenkinge (twyfel) het ek besluit om my volle samewerking aan die kommissie te gee."

Die PAC se bydrae by die WVK-verhore was omstrede (betwisbaar) in die (anders as die ANC) het hulle hul aanvalle op wit Suid-Afrikaanse burgers geregverdig as wettige teikens van die gewapende stryd, en toegegee het dat hulle kaders geregtig was om by kriminele dade (soos gewapende roof) betrokke te wees, solank hulle die doelstellings en oogmerke van die beweging bevorder het.

Die IVP het die aanvanklike rondte van party-politieke verhore bygewoon, maar vervolgens geweier om met die Kommissie saam te werk. In hul voorlegging het hulle beide die regering en die ANC vir die geweld en menseregteskendings geblameer, en hulself as onskuldige slagoffers wat apartheid teengestaan het uitgebeeld, maar ook gekant was teen die vryheidsbewegings se aanvaarding van ŉ gewapende stryd en sanksies.


[Uit http://truth.wwl.wits.ac.za/cat_descr.php?cat=2. Toegang op 9 November 2024 verkry.]

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**BRON 2C**

Hierdie spotprent deur Zapiro gedateer 1 November 1998, het in die *Sunday Times* verskyn. Tutu word op ’n vurkhyster uitgebeeld, die ANC stap weg en die NP word onder die verslag van die WVK begrawe.




[Uit *Sunday Times* deur J Zapiro]



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**BRON 2D**

Die volgende uittreksel is uit ŉ boek geneem deur D. Welsh geskryf en fokus op die bevindings van die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK).

Die WVK het die ANC vir verskeie menseregteskendings verantwoordelik gehou, beide voor en ná 1990, en hulle vir hul bydrae tot die styging in geweld deur die bewapening en opleiding van selfverdedigingseenhede in ŉ onstabiele situasie, geblameer. Daar is ook bevind dat die sukses van die sogenaamde 'derdemag'-aktiwiteite 'minstens gedeeltelik ŉ gevolg van die uiters hoë vlakke van politieke onverdraagsaamheid was, waarvoor alle partye in die konflik moreel en polities verantwoordelik gehou moet word.'

Hierdie poging tot gelykheid (regverdigheid) tussen die NP en die ANC het veroorsaak dat die ANC onsuksesvol wysigings (veranderings) aan die finale konsep van die WVK-verslag gesoek het. Sewe kommissarisse het die ANC se eis ondersteun, en sewe het dit teengestaan. Slegs Tutu se stem was deurslaggewend vir die saak. ŉ Hofaansoek deur die ANC was onsuksesvol. Die IVP en Buthelezi het ook die WVK se bevindings in die hof uitgedaag, wat veroorsaak het dat die Verslag in sekere opsigte aangepas is en die insluiting in die finale verslag van ŉ verklaring deur die IVP wat ander bevindinge betwis.

… Beide die UDF en Inkatha was diep betrokke (ingesleep) by geweld en dit is moeilik, indien nie onmoontlik nie, om vas te stel wie die eerste klip gegooi het, en watter organisasie vir die meeste menseregteskendings verantwoordelik was.

[Uit *The Rise and Fall of Apartheid* deur D Welsh]


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## ERKENNINGS

Visuele bronne en ander geskiedkundige bewyse was geneem uit die volgende:

Christie, K. 2000. *The South African Truth Commission* (Palgrave Publishers, Cape Town)

http://truth.wwl.wits.ac.za/cat_descr.php?cat=2.

https://sacc.org.za/history

https://southafrica.co.za/desmond-tutu-contribution-to-dismantling-apartheid.html.

http://sahistory.org.za/article/1980s-and-crisis-apartheid

Welsh, D. 2009. *The Rise and Fall of Apartheid* (Jonathan Ball Uitgewers, Kaapstad)

Zapiro, J. (1 November 1998) *Sunday Times*

Kopiereg voorbehou

SA EXAM PAPERS
Proudly South African